November 2011

Uitgawe 11
www.youcan.co.za

LEWENSESSENSIE

WAAROM IS SUKSES BELANGRIK?

Deur *Jannie P. Rossouw*

Daar is geweldig baie leesstof en selfhelp materiaal beskikbaar om ons te leer hoe om suksesvol te wees. Indien ons nie weet waarom ons sukses nastreef nie, kan dit alles net `n gejaag na wind wees.

Aristotle (Griekse Filosoof) het by geleentheid gesê: "We are what we repeatedly do. Excellence therefore, is not an act, but a habit."

In hierdie artikel gaan ons 4 redes identifiseer waarom ons elkeen `n verantwoordelikheid het om sukses, volgens ons definisie daarvan, behoort na te streef.

1. <u>Sodat jy jou volle potensiaal kan bereik</u>

Elkeen van ons het sekere unieke talente en gawes. Ons sal nooit `n vlak van vervulling bereik, indien ons nie ons werklike potensiaal uitleef en nastrewe nie.

Dit impliseer dat ons `n verantwoordelikheid teenoor onsself het om die beste van ons lewe te maak. Selfs al het ons sekere natuurlike talente en gawes, het ons steeds nodig om dit verder te ontwikkel. Dink maar aan Novak Djokovic – al is Novak die nommer een tennisspeler in die wêreld, oefen hy steeds elke dag en bly hy daarna streef om sy spelpeil deurlopend te verbeter.

Ons het nie nodig om `n lewe van gemiddeldheid te aanvaar indien ons bereid is om ons talente en gawes te ontwikkel nie. Die ideaal is om `n natuurlike passing te vind tussen jou talente en gawes en jou loopbaan, sport en ander tydverdrywe.

2. <u>Sodat jy jou drome en ideale kan bereik</u>

Kinders beskik oor die wondelike vermoë om onbelemmerd deur drome en fantasieë die toekoms in `n verbeeldingswêreld te skep.

Toe verlaat jy skool, gaan werk of swot verder, word mondig, trou ensovoorts. Iewers langs jou lewenspad word jy wakker geskud binne die lewens realiteit van - ek streef nie my drome en ideale na nie – ek is ontevrede/ongemaklik met my lewe.

Wat is die goeie nuus?

Jy is nie alleen met hierdie emosies nie – die meeste van ons gaan deur so `n onseker tydperk, somtyds `n paar kere oor `n kwessie van `n leeftyd.

Word weer soos `n kind en GLO dat ALLES wat jy nastreef vir jou moontlik is.

3. <u>Omdat jy die verantwoordelikheid van verhoudings het</u>

As mense is ons sosiale wesens wat sekere emosionele bande oorerf of aangaan. Ons gesin en familie is voorbeelde van `n emosionele verbintenis wat ons "erf". Wanneer ons trou, gaan ons `n emosionele verbintenis (hopenlik uit vrye wil) aan.

Hierdie verbintenisse het sekere verantwoordelikhede tot gevolg. Daardie verwagting impliseer dat ons iets van onsself gee en opoffer.

Wanneer ons sukses (altyd volgens ons definisie daarvan) nastreef, deel ons lewens reisigers ook in die voordele wanneer ons suksesvol is.

Die sukses kan emosionele of intellektuele vervulling wees of finansiële voordele inhou. Ons sukses maak dat die mense naaste aan ons die beste in ons ervaar en selfs op ons kan staatmaak om `n sekere uitset te bereik en te handhaaf.

4. <u>Om Versorg te wees VOOR en NA Aftrede</u>

Ek wil sommer met die deur in die huis val. Ons het nodig om te besluit:

- wat ons wil wees en wat ons wil besit
- hoeveel geld genoeg is om die lewensstyl wat ons nastreef, in stand te hou.

As ons dit nie doen nie, gaan die bemarkers van hierdie wêreld, ons bure, kollega`s en vriende die bakermat word waarteen ons, ons sukses meet.

Wat beteken dit om "versorg" te wees? Dit impliseer dat dit binne jou finansiële vermoë is om aan al jou basiese behoeftes te voorsien.

Die oordeelsfout wat ons baiekeer maak, is om iets te koop wat ons nie kan bekostig nie (d.w.s. op skuld) om mense te beïndruk van wie ons nie eers hou nie.

As jy jou finansiële verdienvermoë en bates wil groei, sal jy `n kombinasie van aktiwiteite moet oorweeg:

- jouself beter bekwaam deur verdere studies
- om van werk te verander (beter vergoeding en loopbaan voortuitsigte)
- ekstra ure moet insit om bogemiddelde resultate te behaal
- `n finansiële plan in werking moet stel
- weet hoe jou geld aangewend word om sodoende areas te identifiseer waar vermorsing of oorspandering plaasvind.

Die onderliggende boodskap is dat jy jou lewensstyl moet pas met jou besteebare inkomste. Wees net versigting dat wanneer jou inkomste toeneem (bv. Salaries neem toe, ontvang bevordering, verdien `n bonus) jy nie ook jou lewenstandaard dienooreenkomstig lig deur byvoorbeeld `n nuwe en groter motor of huis te koop nie. Dit veroorsaak dat jou kontant posisie nie verbeter nie.

Jy sal suksesvol wees wanneer jy `n gedissiplineerde spaarpoging oor `n leeftyd toegepas het, sodat jy en jou afhanklikes na aftrede versorg sal wees. Minder as 5% van mense maak voldoende voorsiening om na aftrede hulle lewenstandaard te kan handhaaf. Is jy een van hulle? Het jy al die somme gemaak?

Die kuns van die lewe is om in die teenswoordige jou lewe te geniet en om voldoende voorsiening te skep vir `n blink en versorgde toekoms.

Robert Collier (Leefstyl Afrigter) sê: "Success is the sum of small efforts, repeated day in and day out."

Kopiereg Aanduiding : Hierdie dokument is die alleeneienaarskap van Bright Future Training.

Geen duplisering van enige aard word toegelaat sonder die skriftelike toestemming van Bright Future Training en die skrywer nie.